

SARS SE PERMANENTE VRYWILLIGE BLOOTLEGGINGSPROGRAM

Tshwane, 30 November 2022 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het, ingevolge die Wet op Belastingadministrasie, nr. 28 van 2011, voorsiening gemaak vir die vrywillige blootleggingsprogram (VBP) om permanent beskikbaar te wees vir 'n kwalifiserende individu, maatskappy of trust wat vrywilliglik hul belastingsake wil blootlê en regulariseer. Hierdie stap is in lyn met SARS se strategiese oogmerk wat verlang om helderheid en sekerheid aan belastingpligtiges te verskaf en dit ook maklik en vaartbelyng te maak om hul verpligtinge na te kom.

SARS will alle belastingpligtiges, wat se belastingsake moontlik gebrek ly, aanmoedig om SARS te nader deur die vrywillige blootleggingsprogram. Deur vrywillig na vore te kom, sal sodanige belastingpligtiges die hulp en advies van SARS kry om die oplossing van hul versoek te bespoedig. Waar SARS deur sy eie ondersoekprosesse nienakoming naspoor, sal hierdie geleentheid nie beskikbaar wees aan sodanige nienakomende belastingpligtiges nie, en sal SARS optree teen sodanige belastingpligtiges met die volle krag van die gereg.

SARS is ferm toegewyd tot die nastrewing van sy strategiese voorneme, wat die aanmoediging van vrywillige nakoming behels en terselfdertyd die koste van nakoming verminder. Hiermee wil ons hê dat alle belastingpligtiges moet verstaan dat hulle altyd 'n geleentheid het om hul belastingsake te regulariseer. Hoewel vrywillige nakoming ons eerste voorkeur is, verfyn SARS sy vermoëns om nienakoming na te spoor en om dit duur en moeilik te maak vir nienakomende belastingpligtiges.

Belastingpligtiges wat aan belastingsuim ly en verligting van boetes gegun wil word, en moontlike kriminele vervolging wil vermy, kan hul uitstaande belastingsake vrywillig blootlê. Belastinggebreke behels onder andere uitstaande opgawes, indiening van onakkurate of onvolledige inligting of die versuim om inligting in te dien wat SARS versoek ten opsigte van enige belastingsoort wat SARS administreer, uitsluitend heffings en regte gehef ingevolge die Wet op Doeane en Aksyns, nr. 91 van 1964.

Die vrywillige blootleggingsprogram is 'n unieke geleentheid vir belastingpligtiges in versuim om hul belastingsake te regulariseer, en SARS moedig bekommerde belastingpligtiges aan om gebruik te maak van hierdie wettige instrument.

'n Belastingpligtige in versuim sal verligting gebied word ingevolge die program indien die aansoeker aan die volgende vereistes voldoen:

- Die blootlegging moet vrywillig wees;
- Die blootlegging is volledig in alle materiële opsigte;
- Die blootlegging behels 'n versuim van nie binne vyf jaar van die blootlegging van 'n soortgelyke versuim plaasgevind het nie;

- Die blootlegging behels 'n optrede soos na verwys in die onderstellingboetetabel in artikel 223 van die Wet op Belastingadministrasie;
- Die blootlegging sal nie 'n terugbetaling deur SARS tot gevolg hê nie; en
- Die blootlegging word in die voorgeskrewe formaat en wyse gemaak.

Voornemende aansoekers kan vir VBP aansoek doen deur SARS eFiling.

Suksesvolle VBP-aansoeke sal kulmineer tot 'n ooreenkoms wat, onder andere, die volgende sal dek:

- Die materiële feite van die blootgelegde gebreke;
- Die bedrag betaalbaar deur die belastingpligtige, insluitend die onderstellingsboete afsonderlik aangetoon;
- Die verligting deur SARS toegestaan ingevolge die vrywillige blootleggingsprogram;
- Betalingsreëlings en datums in terme van belasting betaalbaar; en
- Die feit dat die verligting onttrek mag word indien SARS daarna bevind dat die blootlegging nie 'n geldige en volledige blootlegging ingevolge die vrywillige blootleggingsprogram verteenwoordig nie.

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za, of e-pos vdp@sars.gov.za of skakel 0800 864 613.